# Die pad wat ons stap



**2026-04-12**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Psalm 142

Psa 142:1 'n Onderwysing van Dawid, toe hy in die spelonk was. 'n Gebed.
Psa 142:2 Hardop roep ek die HERE aan, hardop smeek ek die HERE.
Psa 142:3 Ek stort my klagte uit voor sy aangesig; ek maak voor sy aangesig my nood bekend.
Psa 142:4 As my gees in my versmag, dan ken U my pad. Op die pad wat ek moet gaan, het hulle 'n vangnet vir my gespan.
Psa 142:5 Ek sien uit na regs en kyk, maar daar is niemand wat my ken nie; die toevlug is vir my verlore; niemand vra na my nie.
Psa 142:6 Ek roep U aan, o HERE! Ek sê: U is my skuilplek, my deel in die land van die lewendes.
Psa 142:7 Luister na my smeking, want ek is baie swak; red my van my vervolgers, want hulle is vir my te sterk.
Psa 142:8 Lei my siel uit die gevangenis om u Naam te loof. Die regverdiges sal my omring as U aan my goed doen.

2

## Gebed uit 'n grot

Psa 142:1 'n Onderwysing van Dawid, toe hy in die **spelonk** was. 'n **Gebed**.
Psa 142:2 Hardop **roep** ek die HERE aan, hardop **smeek** ek die HERE.
Psa 142:3 Ek stort my **klagte** uit voor sy aangesig; ek maak voor sy aangesig my **nood** bekend.



Psa 34:19 Die HERE is **naby** die wat **gebroke** is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees.

3

## Berusting dat God ons pad ken

Psa 142:4 As my **gees in my versmag**, dan **ken U my pad**. Op die pad wat ek moet gaan, het hulle 'n vangnet vir my gespan.

Psa 31:6 In u hand **gee ek my gees** oor; U het my verlos, HERE, God van trou.

Rom 8:26 En net so kom ook die **Gees** ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die **Gees** self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.





Deut 2:7 Want die HERE jou God het jou geseën in al die werk van jou hand; **Hy ken jou trek deur hierdie groot woestyn**; nou veertig jaar lank was die HERE jou God met jou; geen ding het jou ontbreek nie.

4

# Uitroep uit 'n grot

Psa 142:5 Ek sien uit na regs en kyk, maar daar is **niemand wat my ken nie**; die toevlug is vir my verlore; **niemand vra na my nie**. 6 Ek **roep** U aan, o HERE! Ek sê: **U is my skuilplek**, my deel in die **land van die lewendes**. 7 Luister na my **smeking**, want ek is baie **swak**; **red** my van my vervolgers, want hulle is vir my te sterk. 8 Lei my **siel** uit die **gevangenis** om u **Naam** te **loof**. Die **regverdiges** sal my omring as U aan my goed doen.

1. Vriende het Dawid verlaat.
2. Dawid roep uit na die Here
3. Erken sy swakheid
4. Dawid roep uit vir redding
5. Lei sy siel uit die gevangenis om God te loof
6. Opregtes sal Dawid weer omring.

Heb 4:15 Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons **swakhede** medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.

5

# Hoe hanteer ons die pad wat ons moet loop?

Jes 42:16 En Ek sal blindes lei op 'n weg wat hulle nie ken nie, hulle laat loop op paaie wat vir hulle onbekend is; Ek sal die duisternis lig maak voor hulle uit en die hobbelagtige plekke gelyktes. Dit is die dinge wat Ek doen en nie nalaat nie.

Joh 14:6 Jesus antwoord hom: **Ek is die weg** en die **waarheid** en die **lewe**; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Joh 6:38 Want Ek het uit die hemel neergedaal, **nie om my wil te doen nie**, **maar die wil van Hom wat My gestuur het**. Joh 6:40 En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

Psa 23:2 Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, **lei Hy my** heen.
Psa 23:3 Hy verkwik my siel; **Hy lei my** in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil. Psa 23:4 Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want **U is met my**: u stok en u staf dié vertroos my.




6

Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.
Fil 4:13

I have strength for all things in Christ Who empowers me [I am ready for anything and equal to anything through Him Who infuses inner strength into me; I am self-sufficient in Christ's sufficiency].

- Phil 4: 13



7